Die groot bedonnerde Hollander op Riversdal

Ons het in my Standerd 9 jaar Riversdal toe getrek. Die aanvanklike gedagte was dat ek in Dunbanville koshuis sou aanbly, maar daai plan het gehou net totdat Pa Ben genoem het dat hy vir my 'n motorfiets sou koop. 'n *Fifty*. Waarmee ek vakansies kon ry. Wanneer ek kom kuier. Die terme was ooglopend ononderhandelbaar, en het 'n baie besliste finaliteit aan hulle gehad. Ek het sommer dadelik geweet – hier was so veel *wiggle room* soos by 'n Nigeriese cash-loan kantoor nadat 'n onwilligheidjie om te betaal geidentifiseer is.

Skielik was elke rede hoekom ek in Durbanville moes aanbly by die venster uit. Pa was baie duidelik – die motorfiets bly in Riversdal. Die keuses daarvandaan was myne. Die keuse was in nannosekondes gemaak. Riversdal klink toe eenklaps nie na so agteraf plek nie. Trouens - plaasmeisies en 'n *Fifty*... 'n Mens se verbeelding is 'n wonderlke ding. Wensdenkery ook - maar dis 'n ander storie.

Trouens – so het ek geredeneer – miskien kon my stadskind *streetwise* pittighede, modieuse geel hemp met swart strepe (lees *hiper* modern, maar eitlik *super* kitch), gekombineerd met 'n regte, egte motorfiets selfs my liefdeslewe so hupstootjie gee. Hopenlik in die teenoorgestelde rigting as tot op hede. "*First base*" was nog net 'n hunkering, en die babelse verwarring en teenstrydige teorieë in daai department was juis *due* vir heelwat meer klarigheid en duidelikheid.

Skielik het ek sommer uitgesien na Riversdal! Riversdal, en om op die platteland te kon groot word, se lekkerte sal my my lewe lank bybly.

Nou een van die mees ongelooflike dinge van die Platteland, is die krag en trefwydte van die bostelegraaf. Kyk, daar, in die afwesigheid van 'n disco, verkeersligte, outomatiese telefoon sentrale en dergelike goed van Sodom & Gamorra, was die krag van 'n storie net hierdie kant van die Agtste Wonder. Einstein sou 'n paar goed daar kon leer toe hy ander sterk natuurkragte gesit en bepeins het!

Om die een of ander rede het die storie pos gevat dat Pa Ben (a) sterker as Simson was, (b) met gepaartgaande humeur, en dat (c) almal vir hom moes lig loop. Ek en my broers wonder vandag steeds waar die opvatting, en die *staying power* daarvan vandaan sou kom. Henri dink dis omdat Oom Frans – wie vreeslik graag die woord gevoer het – sy koms so onder die boere en dorpsmense aangekondig het. Hoe meer ongelooflik die storie, hoe groter die gehoor. Teen die tyd toe ons daar opdaag, was my Pa se reputasie fermer gevestig as SARS sin.

Kyk, sterk was Pa Ben gewis. Groot ook – party mans lyk mos net op 6 voet baie groter as ander - hy was so ou. Maar hy had die sagste hart en lekkerste humorsin die hierdie kant van die boerewors gordyn, en hy het nie 'n greintjie vennyn of bedrog in sy hart gehad nie.

Soos alle ras-egte familie mans het hy my Ma en ons broers met 'n passie lief gehad, en die een sonde wat ons gatte baie vinnig laat brand het, was as ons my Ma ontstel het. Boeta, dan moes jy hol – en ver ook. En vir 'n wyle buite tref afstand probeer bly. Vir die res, was hy net 'n super mens, en hy het daarin geglo dat seuns seuns is, en dat *'aanjaag'* deel van die pakket is.

Om verskeie ooglopende redes was ek en my broers uiters terughoudend met die laasgenoemde inligting. Sien, my Pa se reputasie as *"daai bedonnerde, sterk Hollander"* het vir drie tiener seuns met 'n indrukwekkende aanleg en aptyt vir *aanjaag,* legio voordele ingehou.

Een van Pa Ben se reuse renonse was magsbehepte onderwysers wie reputasies gebou het rondom behendigheid met die rottang. Na Jack Van Reenen en sy eiesoortige clan van onderwysers, het Pa Ben die WET neergelê: Niemand slaan aan sy seuns nie. Hy was mans genoeg om self ons opvoeding te behartig. Nie een van ons 'n enige illusies gehad nie.

So het Pa – net na ons eerste dag in die nuwe skool - die aansienlik kleiner skoolhoof een oggend gaan sien, en die WET aan hom verduidelik. Hy het ook 'n

vriendelike, dog ferm voorstel gemaak dat die skoolhoof – wie op daardie stadium op 5 voet 4 soos 'n haas in 'n jaglamp se straal moes gevoel het – die WET aan sy ondergeskiktes verduidelik. Net om enige misverstande en onnodige bloedvergieting te vermy. Party keer lê die krag van woorde in juis dit wat nie gesê word nie. Pa het niemand gedreig nie. Dit sou totaal onnodig gewees het. Niemand – met die uitsondering van 'n mal masogis dalk - het na die aanhoor van sy WET enige illusies gehad nie.

Pa was eintlik heel tegemoedkomend – inskiklik selfs - en het erken dat sy seuns in alle waarskynlikheid grense sou beproef. (Ek was mal oor sy woordkeuse – "grense beproef". Dit klink net soveel meer gesofistikeerd en afgerond as om met nougesette fokus en benydingswaardige energie te loop k@kaanjaag). Maar, het hy gesê – sou daar 'n insident wees wat die skool sou kwel, dan was die uitnodiging en instruksie om hom te bel. Indien ons nuutste innovasie op sosiale- of ander vlak ingryping sou regverdig, sou HY dit hanteer. NIEMAND anders nie. Dit was die WET.

En net daar, was ons groot geleentheid so half perongeluk gebore – en die gevolge daarvan het 'n onomkeerbare effek op ons kinderdae en grootword gehad. Nadat Pa die WET neergelê het, en teen die agtergrond van 'n verkeerde reputasie wat hom toegedig is, in 'n dorpie waar die Skoolhoof, Bankbestuurder, Spietkop en Dominieë aansien en status net vlak van die Almagtige Homself geniet, was ons weë gebaan vir die kindertyd van die millennium!

NIEMAND het kans gesien om vir Pa te bel, en hom dalk in die proses, met verkeerde woordkeuse, stemtoon of asemhalingspatroon te ontstel nie! Die kombinasie van die neerlê van die WET, en sy totaal ongegronde reputasie as Mike Tyson se temmer, was ons kaartjie tot vele plesiertogte, innovasie en *aanjaag* van Olimpiese proporsies.

My broer is een aand saam met 'n klompie maters gevang toe hulle klippe op 'n mooi nooi se huis se dak gegooi het. Die betrokke fraai niggie se pa was blykbaar besitlik en beskermend tot absoluut absurde vlakke.

Dieselfde bostelegraaf wat vir Pa Ben sy reputasie besorg het, het berig dat die spesifieke niggie se pa in sy jonger dae redelik geesdriftelik gemeenskapsdiens gedoen het – onder die fraai, hubare niggies van die kontrei. 'n Pilaar in die gemeenskap – as jy my strekking volg. In sy wêreld – gedagtig aan sy eie ondervindings en wedervaringe – het alle seuns tussen 5 en 25 volgens sy diep gewortelde begrip van die swakhede van die vlees - ook net "een ding" op die brein gehad.

(Die "*net een ding op die brein*" het my ook mateloos verwar. Ek kon aan minstens drie attraksies dink. En dit was die hoof-attraksies. Ek het die vermoede (en hoop) gekoester dat daar dalk sekondêre attraksies ook kon wees. Hoekom sou mens die keuses so beperk? Net *een* ding? Nee man. Dit het nie sin gemaak nie. My indruk was dat die Beloofde Land meer 'n pakket, as 'n *a-la-carte* gedoente was. Maar dis ook 'n gesprek vir 'n ander keer.)

Terug by die kattekwaad. Die feit dat my boeta en sy maters almal gevang is, was opsigself bitter insiggewend. Ek bedoel – die *vader-van-vele* het ooglopend hinderlae en planne in plek gehad wat 'n klomp vlugvoetige 15 jarige seuns *almal* uitoorlê het. Dit opsigself spreek boekdele. Hierdie was immers Riversdal, nie Rusland nie. En ons was almal meester vrugte stelers.

Nouja, met die klomp karnallies almal in die sitkamer toegemaak, en afgesny van enige ontsnappigs roetes, is eers die Skoolhoof, toe die Dominie, en toe almal se pa's gebel. Alle betrokke pa's van die afvalliges is ontbied om die toorn van die Skoolhoof, Dominie en geaffronteerde pa te kom trotseer. Sonder uitsondering het hulle opgedaag – sommiges selfs in pakke klere. 2 uur in die oggend. Hier was GROOT moeilikheid.

Die een uitsondering was Pa Ben. Die meeste van my broer se pelle se pa's het die geskikte geluide van afkeuring en teleurstelling gemaak. Soos vermeld – Pa Ben was die groot uitsondering.

My broer vertel toe *"die bedonnerde, sterk Hollander"* om 02h00 in die vertrek inloop - waar almal tot op daardie stadium in wisselende grade van intensiteit gesit en *'grovel'* het, kon hy sweer hy het 'n paar kringspiere gelyk hoor *twiet*.

Hy vertel dit was moeilik om tussen al die grootmense te bepaal wie die vinnigste gedaante verandering ondergaan het – van die stoere frons van GEWIGTIGE sake met ver-reikende gevolge, wat nou AANDAG moet geniet, tot 'n kollektiwe Jannie-Jammergat-askuus-dat-ek-leef houding in die knip van 'n oog.

Die veglus en vergeldingsdrang het blykbaar vinniger verdwyn as 'n ANC verkiesingsbelofte. Henri vertel hy sou nie verbaas wees gewees het as "*Wat 'n vriend het ons in Jesus*" die spontane gesang van die oomblik geword het nie. Kompleet met kerslig, wierook en 'n *group hug*.

Na wat vir almal in 'n gesagsposisie soos 'n ewigheid moes gevoel het, en nadat Pa die stotterende verontwaardigde, en toe heelwat minder geesdrifige *vader-van-vele* se klaaglied aangehoor het, het hy almal blykbaar om die beurt in die oë gekyk. Henri sê daai was ooglopend nie 'n maklike aand vir kringspiere nie. Daar was skynbaar groot mense in die vertrek wie op daardie stadium heelwat gemakliker by in 'n Martin Luther T-shirt by 'n KKK meeting gewees het.

Al wat pa blybbaar gesê het was: *"Jissis, was nie een van julle jonk nie?"* Met dit het hy vir Henri geknik, en hulle het kar toe gestap. Rustig en op hul tyd. Die dominie was so verlig, hy het agterna gehardloop en vir pa sy kar deur gaan oopmaak. Henri sê die beproewing om nie uit te bars van die lag nie, was net hierdie kant van bo-menslik. Op pad huis toe wou pa blykbaar net weet of sy huiswerk klaar was.

Die volgende paar dae was om verskeie redes vir die skoolhoof nie 'n maklike tyd nie. Sy dilemma was dit: Ongeag wat hy sou doen, hy sou aansien verloor – en baie daarvan ook. Op die *vader-van-vele* se aandrang, moes daar GESTRAF word. SWAAR ook. (Die dominie was om misterieuse redes ongelukkig nie bereikbaar om geestelike- en ander leiding te gee nie. Soos hoe om te oorleef, byvoorbeeld.)

Die probleem was dat my broer in die groep was, en in alle waarskynlikheid boonop in die hoedanigheid as voorsitter van die feeskommittee.

Sou die skoolhoof die seuns 'n pakslae gee, en my broer insluit, sou die GEVOLGE van die oortreding van die WET hom tref. 'n Prostaat behandeling met 'n skok-stok was verkieslik bo dit. Sou hy my broer los, en die ander seuns slaan, was hy en sy vrome vroutie se posisie op die sosiale kalender en rang-orde deftig in sy moer. Sou hy almal oorsien, was die posisie dieselfde – *game, set & match* vir die *"bedonnerde, sterk Hollander."*

Die Skoolhoof se oplossing was – noudat ek daaraan dink – sy tyd eintlik ver vooruit: Hy het die tyd beproefde Afrika resep gevolg, deur die SAAK na die OUERKOMMITTEE te verwys. Om een of ander onverklaarbare rede het die SAAK dit nooit tot op 'n agenda gemaak nie. Dis seker nou nog erens onder ONAFGEHANDELDE ASPEKTE.

Die bostelegraaf, en die kollektiewe herinnering van 'n effens meer persoonlike aard, toe 'n klompie van die manne binne 'n toe vertrek, en ooglopend binne tref afstand was, het gesorg vir die res. Vir so paar maande na die INSIDENT is daar nog geskimp dat die SAAK wel nog deur die OUERKOMMITTEE bespreek sou word. My broer het sy maters aangeraai om nie asems op te hou nie. Hy was 100% in die kol.

Daar's 'n beskrywende gesegde *"Jy krap nou aan die leeu se gat met 'n baie kort grassie"*. Om een of ander rede is dit hoe die kontrei se manne Pa Ben bejeen het. Dit was totaal ongegrond. Pa is nou al 9 jaar lank oorlede. Ek en my

broers lag nog gereeld oor die guns wat oom Frans ons met sy oordrywing gedoen het - en die spreekwoordelike moord waarmee dit ons gereeld laat wegkom het.